



## Nederlandse Geloofsbelydenis

### Artikel 28

Die vorige Die Skietlood het gehandel oor die een Algemene kerk. Een sin in daardie artikel dien herhaal te word; "*Die heilshistoriese lyn begin met die gesin (Adam en Eva), brei uit na die groep (patriarge), beweeg aan na die volk (Israel), net om tot volle heerlijkheid te kom in die kerk as gemeenskap van gelowiges geroep uit alle volke en nasies.*" Hierdie versameling van mense wat as God se volk bekend gestaan het, staan nou bekend as die kerk. Kerk is God se volk, God weet wie elkeen van hierdie mense is wat deel is van die ware kerk. Die klem was in Artikel 27 van die NGB op die ware kerk en die kerk as gemeenskap. Nou beweeg die NGB in Artikel 28 na die individu om die enkeling se rol en verantwoordelikheid te beklemtoon. Gelowiges is verplig om by die ware kerk (plaaslike geloofsgemeenskap) aan te sluit. Hierdie lidmaatskap het sekere voorregte en verantwoordelikhede wat in ag geneem moet word.

In Artikel 27 het die NGB gehandel oor die onsigbare kerk wat deur die heilsgeskiedenis heen bestaan uit almal wat gered is. Ons verstaan van die kerk kan nie daar eindig nie. Die sigbaarheid van die kerk is deur die eeue gehandhaaf en kan ondersoek word. Die sigbare kerk as gestalte van die onsigbare kerk word nou onder die loep geneem. Dit begin by die individu. Die gelowige mens word die skakel tot verstaan van sigbare en onsigbare kerk. Dit is nie in strukture dat ons die kerk van alle eeue terugvind nie, dit is in die optrede van individue. Wat

doen hierdie mense? Hulle sluit aan by die ander gelowiges om 'n tyd-bepaalde en geografies-aanduubare gemeenskap te vorm. In Artikel 29 sal daar oor die kenmerke van hierdie geloofsgemeenskap as sigbare kerk meer gesê word, maar eers moet die samesyn van gelowige enkelinge, met alle gevolgtrekkings daarvan, ondersoek word.

Die feit dat daar midde in gemeentes mense is wat nie glo nie, kan nie wegneem van die verstaan wat die NGB het ten opsigte van die kerk nie. Net God weet wie die ware kerk is, maar ons moet werk vanuit die veronderstelling dat die sigbare kerk die gemeenskap van mense is wat deur God tot die ewige lewe geroep is. Ons veronderstelling moet met ander woorde wees dat die geloofsgemeenskap die ware kerk is.

Die konteks waarin die NGB geskryf is, moet ook in ag geneem word. Die Roomse kerk en die staat was baie vervleg gewees, soveel so dat die staat die wil van die kerk kon afdwing, tot op die punt van vervolging en marteldood. Daar is mense wat beweer dat meer Protestante onder die hand van die Roomse kerk gesterf het as wat daar martelare vermoor is deur die Romeinse ryk tydens die vervolging van Christene die eerste drie eeue na Christus se dood. Teen die agtergrond is dit verstaanbaar dat mense wat oortuigde Protestante was, sou kon verkies om anoniem binne die Roomse kerk onaktief te wees, eerder as om aktief deel van 'n Protestante kerk te word. Die artikel lui as volg:

**Artikel 28****ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT**

**Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; intendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.**

Die detail kommentaar sal in gewone skrif wees, aanhalings sal in *skuinsdruk* wees en die artikel self word in **vetdruk** herhaal.

**Artikel 28****ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT**

In die konteks van ontstaan, word ware kerk teenoor die institusie van die Roomse kerk verstaan. Die Reformatore

was oortuig dat die Roomse kerk nie meer ware kerk was nie. Korrupsie, die klem op tradisie en vele ander teologiese kwellinge het gemaak dat hulle geglo het dat die Roomse kerk se dwaling van so 'n aard was dat dit nie meer kerk was nie. Die Reformasie was die beweging wat weer teruggegaan het na die basiese kern van geloof en was die "ware kerk" se tuiste. Gelowiges kon nie reformatories glo en tog Rooms in lidmaatskap wees nie. Ware geloof moes met ander woorde 'n openbare saak wees. Jy openbaar jou geloof deur jou lidmaatskap van die kerk.

**Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word**

Die kerk is die openbare vorm van die onsigbare kerk. Ons as mense kan nie daardie formele onderskeid tref nie, en tog weet God wie gered is. Nie almal wat in die kerk (sigbaar) is, word gered nie, en tog is die (onsigbare) kerk so verweef met die sigbare kerk dat dit gesien kan word as die vergestaltung van God se genade. Dit is in die kerk waar die Woorde en Sakrament bedien word. Ons onvermoë om die onderskeid te tref tussen verlos en verlore beteken nie dat ons weg kan beweeg van die sigbare kerk nie.

**en daarbuite geen saligheid is nie -**

Daar is twee spreuke wat in ag geneem kan word. Die tradisionele Roomse gesegde "*extra ecclesiam nulla salus est*" beteken dat daar buite die kerk geen saligheid is nie. Die Roomse kerk het haarself as hierdie kerk verstaan. Protestante het die sentiment gedeel. Die verskil was eerstens dat die kerk nie gesien is as die een wat genade en redding uitdeel nie. Kerk is die ruimte

waar die Woord suiwer verkondig word en die Sakramente reg bedien word. Die kerk se bestaan word met ander woorde deur die gehoorsaamheid aan die Woord bepaal. Woord van God is in beheer, nie die kerk en ampsdraers nie. Dit is ook waarom die gedagte "*in ecclesia salus est*" reformatories ondersteun word. Die saligheid is in die kerk te vind. Dit word gevind deur te luister na die verkondiging van die Woord (prediking en Sakramente)

**dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie;**

Kerk is die groot gelykmaker. Geen mens, ongeag sy of haar status het enige verdienste voor God nie. Ons staan almal as begenadigde sondaars voor Sy troon. Dit beteken dat ons almal ewe dankbaar is vir die verlossing. Geen mens word daarom uitgesluit van hierdie vanselfsprekende feit nie; gelowiges moet aan die kerk deelneem. Die Bybel het geen spesiale kategorie vir mense wat nie aan 'n kerk behoort nie. Dit word as vanselfsprekend gesien dat mense wat verlos is aan die kerk behoort. Ons hoef maar net te verwys na die metafore wat gebruik word. Woorde soos liggaam en gebou dui nie op enkelinge nie, dit dui juis op gemeenskappe. (1 Petrus 1:2 "*Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterschap te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.*")

**intendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en**

**dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp,**

Hierdie beklemtoning van die verpligting om deel van die kerk te word, bring 'n nuwe belangrike element na vore. Kerkeenheid word nie in organisatoriese sake of strukturele vastighede gesetel nie. Dit is die leer en tug wat die eenheid van die kerk bewerkstellig en verseker.

**die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien.**

Dit is duidelik dat geloof oor baie meer gaan as net die verlossing van die mens. Jakobus se verwysing na daad van geloof word onderstreep deur hierdie sin. Geloof maak dat ons die Here Jesus as koning erken. Ons moet gewillig die knie buig voor Christus en gevolglik reg wees vir daardie ligte juk. 'n Juk is daardie deel van die wa wat maak dat die dele (osse van 'n ossewa byvoorbeeld) die geheel laat voortbeweeg. Dit beteken dat almal saam in een rigting gerig is en saamwerk. Die gawes wat ons het, is nie daar om ons eie belang te dra of te bevoordeel nie. Ons span ons kragte en gawes in om ons mede-gelowiges in hulle geloof te help bou.

**En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie,**

Dit is geen verpligting wat hier gestel word nie. Dit is gewoon 'n stelling wat daartoe dien om gelowiges se roeping in die wêreld te vergemaklik. Die gemeenskap in Europa was natuurlik op die oog af

honderd persent Christene. Dit was 'n verdeling tussen Roomse en Protestantse lidmate. In daardie konteks was die aanbeveling om jousef af te skei van diegene (Roomse lidmate) wat nie aan die ware kerk (Protestant) behoort nie. Die ander mense sou kon dien as 'n remskoen in die uitleef van geloof. Vandag is hierdie aanbeveling steeds relevant, maar baie moeiliker om uit te lewe. Die gemeenskap het wegbeweeg van die Here Jesus Christus. Daar is al hoe meer mense wat met trots na hulself verwys as ongelowig. Daarmee saam is daar baie ander gelowe wat floreer. In hierdie konteks is hierdie aanbeveling baie relevant. Druk van buite en die begeerte om ander mense tevrede te stel kan maak dat gelowiges en die kerk nie getrou bly aan die Here nie.

**en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het,**  
 Gelowiges moet by die vergadering (van gelowiges, met ander woorde kerk) aansluit waar dit ookal deur God gevestig is. Die NGB aanvaar dat dit God is wat self 'n gemeente vestig.

**selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê.**

Hier word 'n duidelike grens aan die magte van owerhede neergelê. Ons moet

aan die owerhede gehoorsaam wees volgens Romeine 13, maar waar die owerheid lidmaatskap van die ware kerk verbied of teenwerk, moet gelowiges by die kerk aansluit. Dit maak nie saak hoe fel die vervolging is nie. Die Satan se plan in die 21e eeu is om ons hier plaaslik eerder weg te rokkel van die kerk af met ander aktiwiteite. Dieselfde beginsel geld, maak nie saak wat die owerhede doen of nie doen nie, gelowiges moet aansluit by die kerk. Dit beteken natuurlik ook dat daar aan die gemeente se aktiwiteite deelgeneem moet word. Dit is reeds aangedui met die verwysing na die nek buig onder die juk en mekaar se geloof opbou met ons gawes.

**Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.**

Die Evangelie is 'n twee-snydende swaard. Daar is geen grys gebied nie, geen neutrale keuse nie. Mense wat nie by die kerk aansluit nie, handel in stryd met God se wil. Kerkloosheid is nie 'n opsie vir mense wat nie kan kies nie. Kerkloosheid is meer as blote agterloosigheid. Dit is 'n aktiewe daad van ongehoorsaamheid.

Volgende keer kyk ons na maniere waarop gesien kan word of die kerk getrou is aan sy taak en roeping.